COMMUNITY NEWSPAPER

# Gans Berg Nuus/News

PRICE R15.00

18 Julie 2025

Distr. Areas: Gansbaai, Kleinbaai, Franskraal, Uilenkraalsmond, Pearly Beach, Bredasdorp, Hermanus, Stanford

260ste Uitgawe




# Skokmoord van oud-skoolhoof

Bredasdorp se gemeenskap is geskok met die nuus dat mnr Sammy Cloete (82) vermoor is. Die oorledene is op Saterdag, 12 Julie 2025, omstreeks 15:45, in sy woning, Jakarandalaan in Bredasdorp, aangeval en met 'n mes gesteek. Hy het een steekwond aan die linkerkant van sy nek gehad. Sammy was 'n oud-skoolhoof van Albert Myburgh Skool in Bredasdorp.

“'n Klagte is ontvang dat die slagoffer by sy woning gekry is en dit het voorgekom asof hy met 'n mes of 'n skerp voorwerp gesteek is,” het Bredasdorp SAPD se Bevelvoerder, Lt.Kol Anneke Durand, aan die Gans-Berg Nuus gesê. “Met die aankoms van SAPD-lede by die moordtoneel, was die slagoffer reeds dood en daar was geen tekens van geforseerde toegang nie.” Twee tieners, onderskeidelik 16 en 18 jaar oud, is reeds in verband met die moord gearresteer. Die twee het Maandag, 14 Julie 2025 in die Bredasdorp-landdroshof verskyn.

**MOORD TONEEL**


Eric Ntabazalila, die Nasionale Vervolgingsgesag se provinsiale woordvoerder, het bevestig dat die twee verdagtes van moord, huisbraak en die diefstal van 'n voertuig aangekla is. “Die saak is aangeskuif tot Dinsdag, 15 Julie 2025 om 'n plek van veiligheid vir die 16-jarige te vind. Hy en sy medebeskuldige, sal in aanhouding bly en indien hulle besluit om vir borgtog aansoek te doen, sal die Staat dit teenstaan,” het Ntabazalila voorts gesê.

“Misdaad is nie net 'n polisiërings-kwessie nie, dit raak ons almal,” het Lt.Kol Durand gesê. “As gemeenskap moet ons staamstaan, mekaar ondersteun en aktief betrokke by oplossings wees.” Sy het bygevoeg dat verdagte aktiwiteite onmiddelik by die SAPD aangemeld moet word. Sy het dit ook beklemtoon dat die gemeenskap by Buurtwagte of Straatkommitees moet aansluit om te help vir groter sigbaarheid en om samewerking te bevorder. “Bredasdorp is 'n gemeenskap met krag en potensiaal, kom ons benut dit,” het Lt.Kol Durand die onderhoud afgesluit.

Enige persoon met bykomende inligting kan Bredasdorp se SAPD by 028 425 5410 skakel, of skakel 082 488 5103.

**Hardus Botha**

2 Poegie-helde oorhandig R740 000 aan Ikamva



5 Kruiwa vol drank gewen - R6,000



6 Winterfunksie met Toeka se uitrustings



12 Bravo Gansbaai Munisipaliteit








# Poegie-helde oorhandig R740 000 aan Ikamva



*Manny du Bruyn ry Gansbaai binne.*

Dit is Woensdag, 9 Julie 2025 en om 17:15 kom Manny du Bruyn Kerkstraat met sy Poegie (*Scooter*) binnegery - 11 dae nadat die 5 Poegie-helde Gansbaai op Sondag, 29 Junie 2025 om 03:30 verlaat het om na Hentiesbaai in Namibië te ry. Van dié 11 dae het die manne 8 dae in die Poegie-sale deurgebring - 4 dae daarheen en 4 dae terug - vir sowat 2 000km heen en weer, 4 000km in totaal. Die manne het sowat 10-11 ure elke dag (8 dae!) in die Poegie-sale deurgebring - dit wil absoluut gedoen wees! Die Poegies se 'kragtige' enjins is 'n skrale 125cc tot maksimum 150cc.



*'n Trotse Manny du Bruyn.*

Manny de Bruyn, Japie Geldenhuys, Marius Alberts, Gerrie Schutte en Kobus Geyser het hierdie groot uitdaging ten bate van Ikamva Jeugontwikkeling aangepak - en die pragtige bedrag van R740 000 ingesamel, plus nog sowat R2 000 wat binnekort vanaf Namibië oorgeplaas gaan word. Die ander 4 Poegie-manne, wat hulle deel deur en deur saam met Manny gedoen het, het weens bepaalde omstandighede nie saam met hom Gansbaai binnegery nie.

In Mustang Sally Pub & Grill is versierings aangebring, 'n yslike verwelkomingsbord is opgehang en 'n groot tafel met verversings het gereed gestaan om die sukses te vier.

Die roete wat die manne gevolg het, was in kort: Gansbaai, Worcester, Springbok, die grens tussen Suid-Afrika en Namibië, Keetmanshoop, Mariental, Windhoek, Walvisbaai, Swakopmund en hulle eindpunt, Hentiesbaai. Dieselfde roete is weer vir die terugtog aangepak. “Ons het vooraf besef dit sal 'n fisiese en 'n geestelike uitdaging wees wat met spanning en uitputting gepaard sal gaan - en dit was ook so, maar ons het dit geniet en is dankbaar dat ons deurgedruk het en veilig terug is,” het Manny gesê. Hy het enkele interessanthede, en 'probleme' langs die pad (wat oorkom is), met die Gans-Berg Nuus gedeel - hopeloos te veel om in hierdie berig te kan meld! Wat hy wel beklemtoon het, was die warm en vriendelike ontvangs wat hulle in Namibië te beurt geval het - hulle is behoorlik op die hande gedra, met selfs Radio Kosmos van Namibië wat hulle op die lug gekry het.

Baie geluk aan Manny en sy gedugte span wat hierdie enorme projek vir 'n goeie doel suksesvol deurgevoer het - almal is trots op julle!

(Foto's binne restaurant: Cloe van Mustang Sally)

**Hardus Botha**



*Die verwelkoming was groot.*




*Swakopmund.*



*'n Dankbare Jolande Sauls, Bestuurder van Ikamva, ontvang die tjek ten bedrae van R740 000 van Manny du Bruyn, wat hy namens die Poegie-span aan haar oorhandig het.*

**The Gans-Berg Nuus / News is committed to bringing you news that is relevant and truthful. We undertake to adhere to the press Code of Ethics and Conduct of the of the South African Print and Online Media. All printing material received is the responsibility of the contributor who is required to check and approve artwork and material.**

**Die Gan-Berg Nuus / News is daartoe verbind om nuus wat relevant en waar is, aan u te bring. Ons onderneem om ons te hou by die Perskode vir etiek en gedrag van die Suid-Afrikaanse Druk en Aanlynmedia. Die drukwerk wat ontvang word, is die verantwoordelikheid van die bydraer wat die kunswerk en materiaal moet nagaan en goedkeur.**

**All rights reserved. No part of Gans-Berg Nuus / News may be reproduced or used in any manner without written permission from the owner.**
**Alle regte voorbehou. Geen deel van Gans-Berg Nuus / News mag op enige manier gereproduseer of gebruik word sonder skriftelike toestemming van die eienaar nie.**

Press Council FAIR

*Gans-Berg News subscribes to the Code of Ethics and Conduct for South African Print and Online Media that prescribes news that is truthful, accurate, fair and balances. If we don't live up to the Code, within 20 days of the date of publication of the material, please contact the Public Advocate at 011 484 3612, fax: 011 4843619. You can also contact our Case Officer on khanyim@ombudsman.org.za or lodge a complaint on our website: www.presscouncil.org.za*

# Young leopard dies after being caught in gin traps

CapeNature can confirm the death of a young leopard following a call to assist in a rescue operation on 2 July 2025 in the Heidelberg area, near the World Heritage Site of Boosmansbos. Officials discovered a young 13kg male leopard, estimated to be around six months old, ensnared in two gin traps set adjacent to each other. One front paw and one hind leg were caught. Despite the best efforts of the rescue team, the leopard did not survive.

The incident is a reminder of the legal implications and ethical responsibilities surrounding wildlife. Leopards are a listed Protected Species in terms of the Western Cape Nature Conservation Ordinance 19 of 1974. The species is also listed under CITES Appendix I. It is illegal to hunt a leopard without a permit. Furthermore, the use of any trap to hunt a leopard, including cage traps, gin traps, or leg-hold traps, remains illegal in the absence of a permit and constitutes a criminal offence. Any form of cruelty or suffering inflicted on an animal is also a criminal offence in terms of the Animals Protection Act 71 of 1962. CapeNature is currently investigating this incident, and a case docket has been registered with the South African Police Service.

"CapeNature understands the challenges faced by landowners and farmers, particularly concerning livestock management and is working together with the agricultural community and partners to implement effective, non-lethal solutions for preventing livestock loss. Solutions are always possible through dialogue," said CapeNature CEO Dr Ashley Naidoo. "The tragic death of this young leopard highlights the importance of adhering to the laws protecting our wildlife, and we urge the public to report any illegal activities."

Leopards are a cornerstone species of the Western Cape's ecosystem, playing an important role in maintaining biodiversity and



ecological balance. As apex predators, they contribute to the health and resilience of the environment. Despite their critical importance, leopards have already lost 75% of their historical distribution area. They are currently classified as Vulnerable on the Red List of the International Union for Conservation of Nature (IUCN). In the Langeberg Area, leopards are known to have very large home ranges, indicative of their need for expansive, undisturbed habitats. Contrary to common misconceptions, less than 1% of their diet consists of livestock, indicating that most of their food comes from wild prey.

In a separate event in April 2025, a leopard attacked livestock on a farm close to Grootvadersbosch Nature Reserve, resulting in one calf being killed and another injured. The area has a history of leopard presence due to its proximity to mountainous terrain. The adult male, estimated to be around seven years old and in good condition, was successfully captured. Later, under the supervision of CapeNature and a veterinarian, the leopard was released back onto the same property and fitted with a tracking collar to monitor its movements. The leopard has not attacked any livestock again since being collared.

CapeNature encourages continued engagement from affected landowners, farmers, and the public to promote preventative mitigation, ethical and coordinated wildlife management practices, while also acknowledging the challenges of conserving wide-ranging species such as leopards in shared areas. CapeNature and the Cape Leopard Trust have updated the *Landowner's Guide to Human-Wildlife Conflict* to help Western Cape farmers manage challenges where agriculture meets the wild. The refreshed booklet promotes non-lethal, proactive methods to reduce conflict, with new content on predator mitigation, carcass inspections, and the ecological value of wildlife.

**CapeNature General Manager: Advocacy Communication Officer**
**Petro van Rhyn**









**Taurus**
**CAPE KELP**

**VACANCY:**
**FACTORY SUPERVISOR**
**LOCATION:** **GANSBAAI, WESTERN CAPE**
**REPORTING TO:** **EXECUTIVE DIRECTOR WITH A DOTTED LINE REPORTING TO OPERATIONS MANAGER**

**JOB OBJECTIVE:**
To oversee the smooth running of the operation, manage factory staff and ensure good Health and Safety practices

**RESPONSIBILITIES:**
- Ensure smooth running of the production processes
- Filing of daily attendance register
- Daily reporting to manager on operations
- Daily checks on all equipment
- Plan, implement, review, adjust and control the production schedule
- Uphold the polices and standards of the company
- Adhere to production timelines
- Ensure maintenance and daily checking of machines and report any defects to production manager or Production Coordinator
- Plan and manage preventative maintenance programs for machinery
- Ensure that all relevant equipment is cleaned on a daily basis, using the correct cleaning method and chemicals
- Ensure that company policies and procedures are followed at all times
- Ensure good housekeeping and that health and safety procedures are adhered to
- Provide monthly reports of quality control, production numbers, safety, and other reports as needed
- Effective supervision of factory staff
- Ensure environmental pollution is kept to minimum
- Ensure constant initiatives to reduce costs are embarked on
- Ensure minimal disruption to operations
- Order all stock items and ensure that there is a proper management of stock
- Monthly stock control
- Responsible for delivery of Liquikelp to customers
- Assist the fronds and stipe departments as and when needed
- Analyse production and quality control to detect and correct problems
- Ensure output meets quality standards at all times
- Trouble shoot and problem fix when necessary
- Record keeping of batches and samples produced
- Review worker performance and identify training needs
- Lead and coach Liquikelp team
- Ensure orders are completed on time
- Oversee dispatching of product to customers
- Regular communication with customer operations manager on production changes or uncertainty and deliveries
- Operate the factory according to ISO 9001 standards
- Perform any other reasonable duties that might be required from you from time to time

**MINIMUM REQUIREMENTS:**
- Grade 12/ Matric is essential
- Production Diploma or equivalent is essential
- Good verbal and written communication skills in English
- Proficiency in Xhosa will be advantageous
- 3- 5 Years previous working in a similar role and/or similar industry
- Valid driver's license is essential
- PDP will be advantageous
- Strong working knowledge of a factory environment
- Supervisory experience is essential
- Problem solving skills are essential
- Must take initiative
- Great time management skills
- Wiling to work in a highly pressurised environment.
- Willing to work irregular and overtime hours as and when required.

Please apply by sending a copy of your CV to nwilliams@tcck.co.za

Closing date for applications: 1 August 2025

**Disclaimer**: Strictly fair and non-discriminatory selection procedures will be followed. We use Employment Equity (EE) and Affirmative Action (AA) measures in an endeavour to redress the disadvantages in employment experienced by designated groups. Where possible, preference will be given to candidates from the designated groups as defined in the Employment Equity Act and in line with Taurus's Employment Equity plans. Taurus reserves the right to defer or close a vacancy at any time.

Due to the high volume of applications received, only shortlisted candidates will be contacted. Should you not hear from us within two (2) weeks following the closing date for applications, kindly consider their application unsuccessful.

# Kruiwa vol drank gewen - R6,000


*Die wenner: Adele Steenkamp.*

Al gehoor van 'n fondsinsamelingskompetisie waar 'n 'kruiwa vol drank' ter waarde van R6,000 gewen kan word? Dit was die geval met Henk Smit, 'n lid van Buitesteen Pub & Grill se Poolklub (Potspelklub), se fondsinsamelingskompetisie wat hy onlangs geloots het. Saterdagaand, 12 Julie 2025, direk na die Springbokke se 2de toets teen Italië (45-0), is die wenner se nommer getrek - Adele Steenkamp - en kon sy haar waardevolle kruiwa 'huis toe stoot'! Baie geluk, Adele, hoop iemand het jou kruiwa opgelaai om huis toe te neem!

'n Goed georganiseerde fondsinsameling soos hierdie word nie sommernet gereël nie, daar moet 'n doel daarvoor wees. Die begunstigdes wat groot baat daarby gevind het, is Mattanja House (R5,000) en Dogs of War Motorfietsklub (R840). Dan is daar nog drie poolspelers van die klub wat elk R3,000 ontvang het - Peter, Nick en Nathan. Hierdie drie is gekies om aan die Suid-Afrikaanse Pool Kompetisie in Potchefstroom te gaan deelneem en die R3,000 vir elkeen is om hulle met reis- en verblyfkostes te ondersteun. "Ons het op Mattanja House in Gansbaai, 'n nie-winsgewende organisasie, as hoof-begunstigde besluit," het Henk gesê. "Hulle versorg bejaardes wat óf nie genoeg voorsiening vir hul ou dag gemaak het of glad nie voorsiening gemaak het nie."

Die trekking van die wennommers was 'n deursigtige proses op 'n groot tafel in die restaurant. 'n Video is daarvan gemaak en die egtheid daarvan kon nie in twyfel getrek word nie. Build It se Benita Franke en Anton Louw het die voltooide vorms se nommers getrek. Henk sê 'n fondsinsamelingsprojek soos hierdie is nie moontlik sonder die medewerking van borge nie: *Buildit*, *Arrie Nel Apteek Gansbaai*, *Blue Bottle Liquors Gansbaai* en *$ Promotions* van Henk Smit. "My hartlike dank aan hierdie borge waarsonder die projek nie sou kon plaasvind nie," het Henk gesê.

**Hardus Botha**


*Henk Smit skakel die 'Kruiwa-wenner', Adele Steenkamp.*


*Benita Franke en Anton Louw van Buildit.*


*Die tevrede begunstigdes.*



# Winterfunksie met Toeka se uitrustings



Die Mannekoor

Die Winterfunksie wat in Pearly Beach deur die NG-gemeente se Vrouediens aangebied is, was enig in sy soort met 'n verskeidenheid van Toeka-se-uitrustings. Dit is die 3de agtereenvolgende jaar wat die Vrouediens van Pearly Beach só funksie aangebied het. Vanjaar het hulle op '*musiek, stories en 'n ligte ete*' besluit - met die tema as '*nostalgiese dress-up*'.

“Dit was nie bedoel om 'n geskiedkundige aand óf 'n ere tydperk voor te stel nie, maar die klere moes jou van toeka se jare laat onthou en goeie herinneringe by jou oproep,” het Elaine Baard, voorsitter van die Vrouediens gesê.

Te oordeel aan die foto's wat Elaine aan die Gans-Berg Nuus gestuur het, het almal sonder twyfel aan die tema van *Nostalgiese dress-up* voldoen!

Onder andere het 'n 'uniformman' Dirk Baard se *Militêre Stepout* van 2016 aangehad. “Dirk was by die Kaapse Veldartillery se Burger Mag Eenheid betrokke - die oudste eenheid in die wêreld met vrywilligers,” vertel Elaine. Enkele ander voorbeelde was: Ruben Lennox met 'onthou-liedjies'; die



Vrouediensdames, met Elaine Baard regs.

mannekoor wat deur Annatjie Smith van Franskraal afgerig is; Marcello, die Italianer, wat vir 'n paar dae in Pearly Beach by sy skoonouers kuier, was die pianis; Ariëlle du Plessis was die solis; Marietjie Vos was in haar ma, Retha Vos, se 1978-skooluniform geklee; 'n paar modelle het gespog met 'n rok uit die 1990's, nog met groot skouers; 'n seemans-uniform uit die 1980's; 'n trourok uit die 1990's; 'n trourok uit die 1980's. Barend Vos het almal laat skaterlag het met sy vertellings - die hele aand was net een groot en plesierige geselligheid om te kon bywoon.

Elaine sê Gansbaai NG-Kerkraad het fondse bewillig vir die toebou van Pearly Beach Kerk se sysaal, nadat hulle reeds die vloer gelê en die dak opgesit het. Dit dien as Kategese-lokale en kan ook tydens 'n basaar gebruik word. “Ons het besef dat so 'n ruimte maksimaal gebruik moet word en fondse vir 'n ingeboude *jetmaster* ingesamel,” het Elaine gesê. Elaine sê hulle glo dat hulle met 'n *Jetmaster* meer geleenthede en funksies in die toekoms, tot voordeel van die gemeente sal kan aanbied. (*Foto's: Elaine Baard*)

**Hardus Botha**



Ruben Lennox.



Marietjie Vos 1978-skooluniform.



Trourok 1990's.



Marcello, Italiaanse pianis.



Seemans-uniform (1980's).



Ariëlle du Plessis - solis.




**Congratulations to Sean Privett, Grootbos Conversation Director, who completed the Freedom Challenge. Sean epitomizes a love of sport, endurance, camaraderie and an appreciation of the great South African outdoors. His colleagues at Grootbos are proud of him and is inspired by his example (and amused by his winter, woolly beard).**

**Hardus Botha**



# Advert of the week for Bredasdorp








# Mobilising wellness through nature…

CapeNature and the Western Cape Department of Health and Wellness have partnered to promote environmental health and wellness across the Province. Provincial nature reserves offer opportunities for people to improve their physical and mental health through nature-based activities. The partnership supports a holistic approach to health and wellness, which benefits body, mind and spirit.

The collaborative partnership is built around the Department's wellness approach, leveraging the *WesternCape on Wellness (WoW)* initiative, which aims to empower communities to live a healthy lifestyle while cultivating a strong connection with the environment. "This partnership helps facilitate the co-creation of a culture of wellness in the Western Cape, where all citizens are enabled to be healthy, active, connected and thriving with the natural world," said Dr Keith Cloete, Head of Department Health and Wellness. "By connecting wellbeing with the natural environment, we are mobilising wellness dimensions such as physical and mental health while encouraging people to reconnect with the outdoors, a powerful antidote to navigating complexity, stress and improving healthy lifestyles. Connection and partnership contribute to enabling children to start well, ensuring adults can live well and strengthening environments for older people to age well."



Through the peak summer season in December 2024 and January 2025, there was an influx of visitors to CapeNature-managed reserves, with over 146 550 overnight and day visitors passing through many reserve gates. The recent increase in visitor numbers across CapeNature's reserves is indicative of the growing demand for nature-based experiences post-COVID-19. A clear indication that people are prioritising their health and wellness as well as spending time outdoors.

The Department of Health and Wellness will support CapeNature through awareness initiatives, mobilising health professionals, offering WoW training, and providing further opportunities to CapeNature teams such as first aid and learn-to-swim courses. In parallel, trained WoW champions (±700) from the community may be granted with complimentary access to specified nature reserve sites in the Western Cape. Collaborative opportunities may include supporting community clean-ups, and wellness incentives, where possible. "This partnership is a natural fit for CapeNature," said CapeNature CEO Dr Ashley Naidoo. "Spending time in nature has proven benefits for both mental and physical wellbeing. By connecting our reserves with wellness initiatives, we're encouraging people to get outside and move more to create healthier communities while also learning to value and experience the environment around them."

The partnership pools resources and expertise to drive sustainable, community-led wellness across the Western Cape to foster a culture of wellness in the province. Preceding the formalisation of the partnership, representatives from both organisations participated in CapeNature's podcast series, Green Noise, where they discussed the relationship between wellness and nature.

**CapeNature General Manager:**
**Advocacy Petro van Rhyn**

# Gesellige 'Halfjaar-funksie'...

Die Franskraal Belastingbetalers- en Inwonersvereniging se 'Halfjaar-funksie' is op Woensdag, 9 Julie 2025 in die saal van Franskraal Rolbalklub aangebied - daar is gesellig en ontspanne met sjerrie en smaaklike sop vir die koue saamgekuier. “Die doel van hierdie byeenkoms is tweërlei van aard,” het Archie Chambers, voorsitter van die Vereniging, gesê. “Eerstens gaan ek namens die bestuur terugvoer gee oor ons prestasies en suksesse wat tot nou behaal is, maar tweedens het die byeenkoms ook ten doel om gesellig saam te verkeer en mekaar beter te leer ken.” Archie het sy bestuurslede van harte bedank vir hulle harde werk, toegewydheid en ondersteuning gedurende hierdie tydperk.

Die belangrikste prestasies wat behaal is, word kortliks hiermee aangehaal:
**Verwydering van Masakhane Uitbreiding uit die 2025/2026 IDP;
**Stormwaterverligting;
**Opgradering van stormwater-infrastruktuur in Dyerstraat;
**Skoonmaak van sloot - Rossouw- tot Dyerstraat; **Vervanging van ou kennisgewingborde deur Gansbaai Munisipaliteit, asook verskeie nuwe kennisgewings wat langs die wandelpad opgerig gaan word;
**Suksesvolle samewerking met Wetstoepassing vir die verwydering van bosslapers; **Die Franskraal Skoonmaakprojek wat gereeld onder die aandag van die munisipaliteit gebring word, met 'n beroep wat op inwoners gedoen word om aan hierdie projek deel te neem; **Aanspreek van onwettige strukture op erwe en die voortgaan met die monitering daarvan;
**Brandgevaar;
**Verteenwoordiging en kommunikasie - Wykskomitee, WhatsApp-groep en die Collaborator Citizens-app; **Nuwe verwikkelinge - uitbreiding van ablusiegeriewe, bykomende vullisdromme en buitelugfotorame (reeds in proses) vir almal om hulle foto's daar te neem; **Franskraal Kunsroete wat vanjaar enkele dae voor Kersfees aangebied sal word.

Die Gans-Berg Nuus se redaksiespan wens die Vereniging geluk met wat hulle in belang van Franskraal se inwoners bereik het - “sterkte op julle pad vorentoe!”

**Hardus Botha**







## Weather Forecast / Weer Voorspelling

| Friday 18/07/2025 | Saturday 19/07/2025 | Sunday 20/07/2025 | Monday 21/07/2025 | Tuesday 22/07/2025 | Wednesday 23/07/2025 |
|---|---|---|---|---|---|
| 14° | 16° | 15° | 12° | 13° | 15° |
| Light Breeze 2 m/s from west 0 mm precipitation. | Light Air 1 m/s from south-west 0 mm precipitation. | Fresh Breeze 0.3 m/s from west 9 mm precipitation. | Moderate Breeze 7 m/s from south-east 0 mm precipitation. | Moderate Breeze 6 m/s from east 0 mm precipitation. | Gentle Breeze 4 m/s from south-east 0 mm precipitation. |

## Getytafels / Tide Tables

| Dag / Day | High | High | Low | Low |
|---|---|---|---|---|
| 18 July | 0845 | 2116 | 0242 | 1447 |
| 19 July | 1004 | 2234 | 0359 | 1608 |
| 20 July | 1131 | 2354 | 0519 | 1734 |
| 21 July | 1246 | 0102 | 0631 | 1850 |
| 22 July | 1345 | 0159 | 0731 | 1951 |
| 23 July | 1434 | 0200 | 0821 | 2043 |
| 24 July | 0248 | 1518 | 0904 | 2128 |
| 25 July | 0331 | 1557 | 0943 | 2209 |
| 26 July | 0410 | 1635 | 1019 | 2246 |
| 27 July | 0447 | 1710 | 1052 | 2322 |
| 28 July | 0523 | 1745 | 1124 | 2356 |
| 29 July | 0557 | 1819 | 1156 | 0032 |
| 30 July | 0632 | 1855 | 1229 | 0109 |
| 31 July | 0710 | 1933 | 1305 | 0155 |

# CLASSIFIEDS

## CNC Sweis & Staal

* Stainless steel
* Ballustrading
* Diefwering
* Veiligheidshekke
* Skuifhekke
* Traliewerk
* Sleepwaens
* Palisade Heinings

Jannie Cronje cncstaal@omail.co.za
082 371 7283

## KLEINMOND SKRYNWERKERS

Ingeboude Slaapkamer en Kombuiskaste ens.
Ben-Louis Fourie: 083 330 8049
Fax: 086 266 1160
Email: kleinmondskrynwerke@live.co.za

## HAVE A STORY YOU WANT TO SHARE:

Hardus:
082 786 0494
info2@gansberg.co.za

## Replace WOODEN/STEEL Frames with ALUMINIUM

Anglo Windows
new for old
we open windows for you
*Average home completed in one day*

Hilton Hitge
084 558 1902
*info@ anglowindows.co.za*

WINDOWS, FOLDING DOORS, STOEP ENCLOSURES, SLIDING DOORS, ECT

## Maintenance Man

*Noem dit en ons doen dit!*
Kontak Deon: 076 838 2890

## PLACE YOUR ADVERT HERE

## Te Koop



'*Off Cuts*' word gebruik vir tuinpaadjies, beddings, onder die wasgoedlyn en paadjie na jou heining om met buurman te gesels. **028 384 0480**

## FRANSKRAAL VEHICLE SERVICING

CONTACT AUBREY
076 651 6789/028 388 0872

## VIBRACRETE MURE
## Gansbaai Precast

* Vervangings en Verhogings
* 1.8m Nuwe Mure teen R680 per meter
* GRATIS Kwotasies

10 Jaar waarborg op materiaal
(Prys net vir Gansbaai Area)
Ons diens dek die hele Overberg

**Johan Cronjé: 028 384 0480 / 082 923 4204**


## BOSMAN VERWERS

Kontak ons vir 'n kwotasie vir verf van Huise binne/ buite/ houtwerk of dak



Hennie & Elana Bosman

082 570 0907 / 082 533 3580



## GANSBAAI PROPERTIES

028 384 1197
082 378 9955
www.gansbaaiproperty.co.za
We hold the key to your property

## HULP MET VUURWAPENLISENSIES

Riaan Booysen: 074 203 6658
riaanbooysen@webmail.co.za

## Put your advert here
Contact us at 078 010 8286

## UNITY SERVICE AA RECOVERY

DO YOU FEEL LIKE YOUR DROWNING?
EVERY WEDNESDAY @ 19:00
GANSBAAI FAMILY CHURCH, BUITEKANT STREET

ALCOHOLICS ANONYMOUS
THERE IS HELP...
060 597 5419
078 307 7783

## CONTACT US TO ADVERTISE:

Michelle:078 010 8286
michelle@gansberg.co.za

Saskia:068 697 9945
saskia@gansberg.co.za



# Brain Teasers / Kopkrappers






| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 3 | | 1 | | | 5 | | 7 | |
| | | | 1 | | | | | |
| | | | | 7 | 4 | | | |
| | 8 | 5 | | | 6 | | | |
| 6 | | | | | | 5 | | |
| | | 2 | | | | 4 | | 9 |
| 9 | | | | 4 | | 2 | | |
| 5 | | | | 8 | | 6 | | 7 |
| | 3 | | | | 1 | | | |

| | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| R | D | P | Q | W | P | D | J | I | V | W | B | U | R | P | L | J |
| Q | R | I | R | S | Y | I | L | S | U | B | K | L | E | O | M | K |
| B | J | R | A | A | T | A | K | E | P | C | Z | U | T | D | J | I |
| K | R | A | H | S | C | U | R | E | R | L | O | B | S | T | E | R |
| Q | I | N | G | N | I | R | R | E | H | E | V | G | Y | R | K | H |
| M | K | H | R | H | I | C | W | G | A | P | K | H | O | O | Y | S |
| Z | H | A | W | I | H | P | X | N | E | H | J | C | P | U | P | I |
| H | H | S | I | F | D | R | O | W | S | O | A | D | I | T | P | F |
| G | S | F | W | I | K | T | K | E | N | S | N | L | E | P | U | R |
| P | Q | I | L | P | K | I | A | I | H | W | K | W | I | K | G | A |
| T | U | G | F | N | Y | W | L | R | B | V | Z | C | E | B | W | T |
| S | I | Z | A | T | E | R | I | A | K | J | I | D | P | N | U | S |
| S | D | L | X | E | A | M | R | V | I | S | Z | F | A | Z | E | T |
| F | P | H | D | M | P | C | F | O | C | T | O | P | U | S | B | J |

CARP
CATFISH
CRAB
GUPPY
HALIBUT
HERRING
LOBSTER
MARLIN
OYSTER
PERCH
PICKEREL
PIKE
PIRANHA
PLANKTON
SEAWEED
SHARK
SQUID
STARFISH
STURGEON
SWORDFISH
TROUT

# ANSWERS

| | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| R | E | P | M | U | J | N | N | D | E | J | A | V | U | B | S | H |
| X | G | N | A | F | X | K | R | A | T | S | K | R | A | D | C | L |
| U | M | R | O | J | R | E | I | M | M | T | F | B | Y | R | A | R |
| L | I | G | D | D | J | E | U | N | O | N | E | O | S | N | N | O |
| F | M | Z | D | F | D | R | Q | T | G | C | O | P | Z | O | N | L |
| N | I | O | W | N | O | E | A | U | A | K | E | R | V | I | E | L |
| O | C | D | L | D | A | L | G | R | E | C | O | E | I | T | R | E |
| E | T | R | N | D | R | L | H | A | I | N | G | N | O | A | S | R |
| A | X | A | C | E | V | T | T | E | M | N | C | A | G | N | E | B |
| Y | P | Z | C | C | A | H | S | U | V | R | X | Y | M | N | M | A |
| C | H | A | Y | E | E | X | W | X | O | J | A | B | B | E | I | L |
| L | L | D | D | F | B | W | A | T | C | H | M | E | N | I | R | L |
| L | Y | U | L | S | E | M | I | R | C | E | M | I | T | L | T | P |
| H | Z | Y | F | L | A | S | H | G | O | R | D | O | N | A | J | S |

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 2 | 7 | 1 | 6 | 5 | 3 | 9 | 8 | 4 |
| 3 | 9 | 4 | 8 | 1 | 7 | 5 | 6 | 2 |
| 5 | 6 | 8 | 4 | 9 | 2 | 1 | 7 | 3 |
| 7 | 1 | 3 | 9 | 8 | 4 | 6 | 2 | 5 |
| 4 | 8 | 2 | 5 | 7 | 6 | 3 | 9 | 1 |
| 9 | 5 | 6 | 2 | 3 | 1 | 7 | 4 | 8 |
| 1 | 4 | 9 | 7 | 2 | 5 | 8 | 3 | 6 |
| 6 | 3 | 7 | 1 | 4 | 8 | 2 | 5 | 9 |
| 8 | 2 | 5 | 3 | 6 | 9 | 4 | 1 | 7 |



Our visiting PhD candidate from the University of Arizona, Mario Morales, joined the bioblitz. His photos of the 'Bruin Afrikaner' (gladiolus maculatus) blooms drenched in morning drizzle are beautiful, as well as the one covered with early morning dew - its the beginning of the bulb flowering season.
Phillipa Murray




CONTACT US TO ADVERTISE HERE
Michelle:078 010 8286 / michelle@gansberg.co.za
Saskia:068 697 9945 / saskia@gansberg.co.za


# VACANCY

## VEOLIA

**POSITION: Process Controller (Remote Sites - Franskraal WWTW)**

**REQUIRED COMPETENCY AND/OR QUALIFICATIONS:**

- Grade 12 plus maths and physical science
- NQF1 Operator Certificate in Water and Waste Treatment
- Registered at least as a Class 1 Process Controller with the Department of Water & Sanitation.
- 2 - 4 years relevant experience at a class C works or higher treatment plant
- The incumbent must have a strong working knowledge of treatment technologies.
- Must be able to read operational manuals and other resources to apply knowledge for the effect, efficient and sustainable management and operation for treatment plants.
- Computer Literacy – in the google workspace tools and experience in the cloud.
- Valid driver's license.
- Form part of rotational shift cycles.

STARTING DATE: As soon as possible

APPLICATIONS, IN THE FORM OF A CV, COVERING LETTER WITH CERTIFICATES, SHOULD BE SUBMITTED TO
RUTH WEIDEMAN (ruth.weideman@veolia.com) HR DEPARTMENT IN HERMANUS BY NO LATER THAN THE CLOSE OF BUSINESS, **Thursday, 31 July 2025**.

SHOULD APPLICANTS NOT HAVE RECEIVED A RESPONSE WITHIN 30 DAYS OF THEIR APPLICATION THEY SHOULD CONSIDER THEIR APPLICATION AS UNSUCCESSFUL.









# Three arrested for possession of and selling of rhino horn without a permit

On Wednesday, 2 July 2025, the Directorate for Priority Crimes Investigations (Hawks) assisted by SAPS K9 Unit, Overberg and Stock Theft and Endangered Species based in Swellendam, executed an undercover operation at Buffeljags River, N2 route outside of Swellendam. Three suspects were arrested, found to be in possession of the rhino horn and also engaged in a transaction to sell the rhino horn during an undercover operation. CapeNature officials were contacted to assist in the further investigation of the case, which was subsequently registered at the Swellendam Police Station.

Three rhino horn to the value of R258 270 were recovered. Charges are linked to alleged contraventions under the Nature Conservation Ordinance 19 of 1974, relating to possession and sale, without a permit. The suspects, all from Gqeberha, Eastern Cape, appeared in the Swellendam magistrates court on Friday, 4 July 2025. The case against Shaun Barties (41), Christopher Farret (35) and Cheslyn Whitebooi (45) was postponed to 11 July 2025 for bail application. All three were remanded into custody.

"The illegal trade in rhino horn remains one of the most pervasive forms of biodiversity crime. CapeNature commends the swift and co-ordinated action of the Hawks and SAPS and is committed to supporting law enforcement efforts to bring perpetrators to justice," said CapeNature CEO Dr Ashley Naidoo.

*Additional rhino poaching related information and statistics can be found here:*
https://helpingrhinos.org/rhino-poaching-in-2024/

**CapeNature General Manager: Advocacy Petro van Rhyn**

# Bravo Gansbaai Munisipaliteit




Ja-nee, 'Bravo' Gansbaai Munisipaliteit vir 'n netjiese en professionele ingang na Gansbaai-dorp. Ons munisipaliteit verdien beslis 'n pluimpie daarvoor, dit is werklik besonders om so met die binnery van ons dorp te aanskou.

Sonder twyfel ook 'Bravo' aan ons Gansbaai Tuinbouklub, asook ons plaaslike kunstenaars. Die Gans-Berg Nuus het verskeie kere al berigte oor hierdie twee groepe se vrywillige en harde werk om ons dorp te verfraai, berig. Dit geld vir al die ingange van die onderskeie 'voorstede', soos De Kelders, Stanford's Cove en Perlemoenbaai, dan praat ons nie eers van die besigheidsmure met die pragtige 'skilderye' - alles met sweet en kromstaan bereik, gereeld ook in bloedige hitte! "*Watch this space*" vir onderhoude wat eersdaags weer met die onderskeie groepe gevoer sal word.
(*Foto's: Raadsdame Riana de Coning*)

**Hardus Botha**






## Emergency Numbers:

| | |
|---|---|
| Gansbaai Municipality: | 028 384 8300 |
| Overstrand Municipality: | 24hour control room 028 313 8111 / 028 313 8000 / 028 313 8013 |
| Law Enforcement: | 028 313 8996 / 028 313 8111 |
| Disaster Risk Management: | 028 313 8980 / 028 312 2400 / 028 313 8122 |
| Fire Department: | 028 313 8980 / 028 312 2400 |
| Marine & Coastal Management: | 028 313 2703 |
| Ambulans Service Toll free number: | 10177 |
| 1LifeRescue: | Mark Robson - 082 414 9335 |
| | 0861 13 13 11 |
| CMC Critical Medical Care: | 066 222 7219 |
| Gansbaai Police Station: | 028 384 0201 / 10111 |
| OMR Community Medix | 078 699 6995 |

## Your Neighbourhood Watch is here for you

De Kelders NHW: Mark Robson - 082 414 9335
Franskraal NHW: Lizzy - 081 419 0180
Franskraal Afriforum NHW: Robbie Nelson - 083 455 0946
Gansbaai NHW: Hugh-Daniel Grobler - 072 352 7776
Kleinbaai NHW: Maryna Basson - 073 439 1979
Pearly Beach NHW: Christa Binedell - 072 731 8972
Pearly Beach Resort NHW: Maggie Coetzee - 083 245 1207
Perlemoenbaai NHW: Johan Pieterse - 072 749 1510
BaardskeerdersBos Plaaswag: Flippie Groenewald - 072 413 9718
Masakhane NHW: Mziwenkosi (Magic) Ngewu - 071 355 3555
Blompark/Beverly Hills: Pastor Ivan Cornelius - 076 504 6744 / 082 472 0877

***Franskraal Rolbalklub het hulle vergrote bestuur vir 2025/26 onlangs verkies en bekendgestel: Voor vlnr - Johan Wiese (tesourier), Lani Swart (president) en Johan Ackermann (visepresident). Agter vlnr - Altus le Roux (perke), Kokkie de Kock (wedstrydsekretaris), Lorette Sieg (sekretaris) en Dianne Roodman (spyseniering). Jaco Swart (kroeg) kon nie die vergadering bywoon nie en Etienne Theron (geboue en terrein) is agterna gekoöpteer. Baie geluk aan die nuwe bestuur en sterkte vir die jaar wat voorlê.***
***Hardus Botha***





***Congratulations to Rising Star (Grootbos Foundation), Talitha Tyndyi from Masakhane who was selected to play for the Western Cape Willows u/16 Netball Team.***
***Hardus Botha***

# Bingo kry 50 dames 'tjoepstil'...



***Bingo-pret!***

"As jy wil weet hoe om 50 vrouens in 'n saal so 'tjoepstil' te kry dat jy 'n speld kan hoor val, laat hulle Bingo speel," het Marie de Jager skertsend gesê. Die geleentheid was die Bietoubos Damesklub se byeenkoms op Dinsdag, 8 Julie 2025. In die plek van 'n spreker, het die gasvrouens besluit daar gaan Bingo gespeel word. "'n Spesiale mooi oggend, verleidelike sjerrie, liplekker sop, kraakvars broodjies, opbouende geselskap om van die koue te laat vergeet - BINGO!" het voorsitter Elizma de Lange laat weet.

Marie vertel dit was omtrent 'n 'hewige' Bingo-stryd wat die dames nog meer van die koue laat vergeet het. Die gasvrouens was Marie de Jager en Aletta Löchner saam met hulle gedugte span wat vir die gesellige wintersoggend-byeenkoms gesorg het.



***Bingo-gasvrouens.***

***Lyndansers in aksie met Stella Swart links.***



Die vorige byeenkoms, waaroor nog nie berig is nie, was net so ontspanne en gesellig sonder gassprekers. Stella Swart en lede van haar groep lyndansers, die Penguin-groep Lyndansers, het die Bietoubossers met opgewekte lyndansmusiek en danse vermaak - uitstekend soos hulle altyd is en dit is terdeë deur almal geniet. Die gasvrouens wat saam met hulle span daardie byeenkoms aangebied het, was Senerita van der Walt en Marinda Geldenhuys - met, soos gewoonlik, allerlei verleidelike verversings.
(*Foto's 8 Julie: Ammie Loots*)

**Hardus Botha**

# Toeka se Afrikaanse Idiome, Spreekwoorde en Segswyses

Ons vertrou daar is lesers wat hierdie reeks in die Gans-Berg Nuus oor 'Toeka se Afrikaanse Idiome, Spreekwoorde en Segswyses' geniet. Die inligting is in 'n dokument wat in 1975, sowat 50 jaar gelede, opgespoor en die skrywers daarvan verwys na hulself bloot as 'Die Samestellers'. Idiome wat algemeen bekend is, word oorgeslaan. Kommentaar deur ons lesers is welkom: WhatsApp aan 082 786 0494, of stuur 'n epos aan info2@gansberg.co.za. Ons hoor graag van julle.

**Hier is nog 'n paar:**

*Kool sonder spek*: kêrels sonder nôiens;
*Iemand se kool stowe*: iemand 'n poets bak;
*Sy koors is hoog*: hy is doodverlief;
*Iets die kop indruk*: dit dooddruk;
*'n Bord voor sy kop neem*: skaamteloos wees;
*Sy kop in die skoot lê*: hom onderwerp;
*Iemand kopskote gee*: hom raak antwoorde gee;
*Kortgespan wees*: kort van draad wees; gou op sy perdjie wees;
*Dis ou kos*: jy het die storie al te vore vertel;
*Iemand koudlei*: hom bedrieg; iemand tevrede stel;
*Die kreeftegang gaan*: agteruitgaan; agteruitboer;
*Kretie en Pletie*: die uitvaagsel van die volk; Jan Rap en sy maat;
*Kromhoutsop gedrink het*: dronk wees; hoenderkop wees.

**Hardus Botha**

Gans Berg Nuus/News
Distr. Areas: Gansbaai, Kleinbaai, Franskraal, Uilenkraalsmond, Pearly Beach, Bredasdorp, Hermanus, Stanford




# Gansbaai Gholfklub
# Jacques Louw se twee kompetisies

Jacques Louw het verlede week sommer twee kompetisies ingepalm: Woensdag, 9 Julie 2025 se Houespel kompetisie en Saterdag, 12 Julie 2025 se Enkel Stableford Sloegterskompetisie - knapgedaan, Jacques.

**Woensdag, 9 Julie:**
Jacques Louw wen die Enkel Stableford Sloegterskompetisie met 35 punte, gevolg deur C Coburn 33, Cobus Dippenaar 32, Anton Jordaan 32, Berty Sassman 31, Rene Myburgh 30, Christo Spanellis 30, Solly Wessels 30, Peet Pretorius 30 en Leon Lombaard 29.
C Coburn teken 'n Arend aan op putjie no 9.


*Jacques Louw.*


*Dr Owen Huxham.*

**Vrydag, 11 Julie:**
Owen Huxham wen die 9-putjie Enkel Stableford met 21 punte, gevolg deur JP Laubscher 16, Sakkie van der Merwe 16, Aileen Laubscher 15, John Smith 14, Jacques Louw 14, George Hunt 12 en Deon Momberg 5.

**Saterdag, 12 Julie:**
Jacques Louw wen die Houespel kompetisie met 65 nett, gevolg deur Solly Wessels 71, Charlie Bent 76, Berty Sassman 76, Peet Pretorius 76, Dries Coetzee 77, Marietjie de Villiers 78, Bev Swart 78, Rene Myburgh 79 en Willem Germishuys 80.
Naaste aan die pen op no 2 (rooi bof) was Daan Victor.
Spog Twee word deur Berty Sassman op no 17 aangeteken.

**Saterdag, 16 Julie:**
Kompetisie is 'n Enkel Stableford.

**Groete,**
**Johan Coetzee 082 878 0534**


*The Boland u/16's soccer team at Grootbos were crowned Regional Champs - congratulations!*
*Hardus Botha*


**Our weekly roundup begins with a photograph of the fearless paddlers from Stanford who conquered the Berg River Canoe Marathon last weekend. Well done to Siya, Matthew, Grant and Neriyah for finishing this really tough race which takes place over 4 days in wintery, windy Cape weather.**
**Results (from left):**
**Siya Kolpati - 39th overall; Matthew Privett - 13th overall, 2nd u/23; Grant Conlon - 52nd overall; Neriyah Dill - 21st overall, 3rd.**
**Phillipa Murray**

